

27 Januarie

3 Johannes

'n Lewe in die waarheid en vir die waarheid

In 'n wêreld van sondevervalsings het God weereens die waarheid (die lewe soos Hy dit van die begin af bedoel het om te wees) bekendgemaak. Soos 'n verblindende lig in 'n donker sonde-wêreld het hierdie waarheid (lewe) sigbaar geword in Jesus Christus (Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe – Joh. 14:6). Nou word op grond van sy verlossingswerk aan die kruis, God se uitverkorenes ook deur die Gees van God, mense van die lig en die waarheid gemaak.

Van só 'n mens lees ons in Johannes se derde brief. Sy naam is Gaius. Hierdie man se geloof was nie net praatjies nie, maar het duidelik sigbaar geword in sy nederigheid en diensbaarheid, self s teenoor vreemdelinge. Gaius het egter nie net in die waarheid gelewe nie; hy het ook vir die waarheid gelewe. Omdat die verkondiging van die Evangelie vir hom belangrik was, het hy besoekende sendelinge voortgehelp, sodat die waarheidsboodskap van die Evangelie al hoe verder en verder gehoor kan word. Daar is egter ongelukkig ook 'n wanklankbinne die gemeente ('n vervalsing van Satan?). Sy naam was Diotrefes. Hierdie man het presies die teenoorgestelde gesindheid as Gaius. Skynbaar op die koop toe ook nog 'n ampsdraer wat homself belangrik en hoog geag het. Hy wou graag eerste wees, sonder om dienskneg te wees. Hy wou heers in plaas van om te dien. Hy betoon geen gasvryheid nie en aanvaar nie die apostel se gesag nie. Johannes sou persoonlik kom om hierdie saak in die reine te bring.

Pasop: 'n Mens kan in die kerk wees as 'n vervalsing van die Satan.
God se kind
lewe egter in en vir die waarheid.

Sing: Skrifberyming 33:1,3

Ds. I.W. Ferreira (Magol)